## 2021 PLAASLIKE REGERINGSVERKIESING

# MANIFES

## STOP DIE VERVAL

STAAN OP

STAAN SAAM

STAAN STERK

VF PLUS

# Boodskap van die leier

Geagte kieser

As ons om ons kyk, is die verval van ons dorpe en stede sigbaar. Inwoners word oorbelas en ontvang nie waarde vir geld nie.

Die verval van munisipaliteite belemmer ekonomiese groei en werkskepping. Geen sake-onderneming kan floreer terwyl daar gebrekkige infrastruktuur en dienslewering is nie.

Die ANC het bewys dat hy nie kan regeer nie. Dit is ook bewys dat daar waar 'n politieke party alleen regeer en te veel mag het, dit tot magsmisbruik, politiekery, korrupsie en verkeerde prioriteite lei. Die oorsake van korrupsie, wanbestuur, beurtkrag en -water, besoedeling en swak dienslewering kan voor die deur van die ANC se beleidsrigting geplaas word.

Die VF Plus staan op teen hierdie beleid en bied hoop vir 'n beter toekoms met gelyke geleenthede vir almal.

Die VF Plus se span van parlementslede, provinsiale wetgewerlede, munisipale raadslede, personeel, aktiviste en vrywilligers het bewys dat ons die gemeenskap dien, effektiewe opposisie bied, probleme oplos en ook kan regeer daar waar ons tans deel van veelpartyregerings is. Ons staan op teen die verval en vir 'n beter toekoms.

Die VF Plus se 2021-Manifes verduidelik die konkrete oplossings wat die party se beleid bied en wat dienslewering en munisipale bestuur sal verbeter.

Die VF Plus se span is toekomsgerig, kundig en staan sterk teen wanbestuur. Ons bied oplossings en wil 'n beter toekoms bou.

Word deel van hierdie span indien jy erns met jou en jou kinders se toekoms het. Vertrou ons met jou stem, ons sal nie teleurstel nie. Elke stem vir die VF Plus en ons kandidate is 'n stem wat 'n toekoms bou.

Sien jou op 1 November by die stembus.



**Dr. Pieter Groenewald**

# INHOUDSOPGAWE


INLEIDING ........ 2

***Die grootste mislukking van die ANC-regering is die stand van munisipaliteite*** ........ 2

***Verandering is nodig*** ........ 6

***Nie slegs verandering nie, maar verbetering*** ........ 6

***Daar is hoop – die verval kan gestop word*** ........ 6

KERNPROBLEME EN OORSAKE ........ 7

***Infrastruktuur verval*** ........ 7

***Swak dienslewering*** ........ 8

***Vernietiging van die omgewing*** ........ 9

***Finansiële tekorte*** ........ 9

***Wanbestuur*** ........ 11

BELEIDSTANDPUNTE EN OPLOSSINGS ........ 12

***'n Nuwe regverdige bedeling*** ........ 12

***Plaaslike regering moet plaaslik wees*** ........ 13

***Misdaadbekamping*** ........ 15

***'n Gesonde omgewing met rampbestuur*** ........ 16

***Finansiële bestuur*** ........ 18

***Billike belasting en tariewe en akkurate diensterekeninge*** ........ 19

***Werkskepping, ekonomiese ontwikkeling en bemagtiging*** ........ 21

***Samewerking met ander partye en veelpartyregerings*** ........ 23

***Effektiewe oorsig,'n waghondfunksie en kollektiewe magsdeling*** ........ 23

***Diversiteit*** ........ 25

***Goeie waardes*** ........ 26

OPSOMMING VAN OPLOSSINGS ........ 26

SAMEVATTING VAN TIENPUNT-PLAN ........ 28

## INLEIDING

Die meeste munisipaliteite van Suid-Afrika is in totale chaos gedompel. Dienslewering is ontoereikend, infrastruktuur verval en 'n groot aantal munisipaliteite is in werklikheid bankrot.

Die VF Plus neem aan die verkiesing deel onder die tema, "Staan op. Staan saam. Staan sterk en stop die verval". Elke kieser moet besef dat die toekoms in sy/haar hande is en dat 'n sterk boodskap gestuur moet word dat die verval nie langer geduld sal word nie.

Hierdie manifes bevat 'n agtergrond ten opsigte van munisipale kwessies en probleme, die oorsake van hierdie probleme en bied 'n tienpunt-plan aan om hierdie probleme aan te spreek.

***Die grootste mislukking van die ANC-regering is die stand van munisipaliteite***

Dienslewering faal en meeste munisipaliteite is feitlik bankrot en onvolhoubaar. Dorpe is saamgevoeg om groot munisipaliteite of metrorade te vorm, maar al wat verbeter het, is die vergoeding van raadslede en top amptenare.

Die volgende som die sombere situasie op plaaslike regeringsvlak op:

- Terwyl munisipaliteite feitlik bankrot is, bestee hulle nagenoeg R90 miljard aan salarisse. Dit is byna 46% van fondse tot munsipaliteite se beskikking (eie inkomste en die billike aandeel wat vanuit die nasionale fiskus kom). Dit in teenstelling met munisipaliteite se besteding op infrastruktuurinstandhouding wat gemiddeld slegs 2% van hul begrotings is[1].
- Volgens die departement van samewerkende regering word slegs 16 munisipaliteite as stabiel beskou[2]. Dit beteken dat slegs 16 munisipaliteite uit die totale 257 befondse begrotings en funksionele rade het en vinnig op diensleweringsklagtes reageer.
- Volgens die departement van water en sanitasie is 56% van die land se 1 150 rioolsuiweringsaanlegte in 'n swak toestand. Miljarde liters riool word daagliks in riviere en in die see in gepomp[3].

[1] Ouditeur-Generaal. *Consolidated general report on the local government audit outcomes 2019/20*. 2021
[2] Departement van samewerkende regering. *State of Local Government Support and Interventions Package.* 2021
[3] Steve Kretzmann et al. *South Africa's rivers of sewage: More than half of SA's treatment works are failing.* Daily Maverick. 26 April 2021

- Daar is 'n groot tekort aan ingenieurs op plaaslike regeringsvlak. Die regering se oplossing hiervoor is om ingenieurs van Kuba in te voer. Die mees onlangse poging behels 24 Kubaanse ingenieurs teen 'n koste van R64 miljoen. Hierdie ingenieurs se kwalifikasies voldoen nie aan die akkreditasievereistes van die Suid-Afrikaanse Ingenieursraad nie[4].
- Daar is 'n tekort aan amptenare met die nodige vaardighede en kwalifikasies. Meer as 43% van munisipale amptenare voldoen nie aan die voorgeskrewe minimum bevoegdheidsvereistes nie. 48% van hoof finansiële beamptes van munisipaliteite is nie voldoende gekwalifiseer nie. Daar is ook baie belangrike poste wat vakant is[5]. Terwyl daar R4.5 miljard aan salarisse vir amptenare in finansiële direktorate bestee is, is daar addisioneel R1 miljard bestee aan konsultante om van die funksies waarvoor dié amptenare betaal word, te verrig[6].
- Daar is 'n buitensporige hoeveelheid poste (16%) in waterbestuursdirektorate van munisipaliteite vakant. Die munisipaliteite wat tans gebuk gaan onder watertekorte is die munisipaliteite met die meeste vakante poste in hierdie direktoraat. In afvalwaterbestuursdirektorate is 20% van die beskikbareposte vakant, terwyl rioolbesoedeling 'n geweldige krisis is[7].
- Infrastruktuur word nie in stand gehou en opgegradeer nie. Dit lei onder meer tot grootskaalse waterverliese as gevolg van waterlekkasies wat na raming meer as 37% van alle skoon water beloop[8]. Dit is egter 'n konserwatiewe berekening en daar is 'n tekort aan akkurate data in verband met waterverliese. Data wat bekom is deur Statistieke Suid-Afrika wys dat Tshwane-metro in 2014/15 tot 81% waterverlies gely het[9]. Dit terwyl Suid-Afrika die 30ste droogste land ter wêreld is.
- Meer as 1.7 miljoen huishoudings het nie toegang tot kraanwater nie[10].
- Daar is dorpe wat voortslepende watertekorte vir meer as die afgelope vyf jaar ervaar.
- Slegs 44% van munisipaliteite het infrastruktuur-instandhoudingsplanne, waarvan slegs 12 munisipaliteite hierdie planne ten volle geïmplementeer het[11].

---

[4] Lindile Sifile, *Pricey Cuban engineers need local supervision*, Sowetan 30 April 2021
[5] Antwoord op parlemenêre (NV) vraag aan die minister in die presidensie. Vraag 501. 26 Februarie 2021
[6] Ouditeur-Generaal. *Local Government Audit Outcomes*. 2021
[7] Statistieke Suid-Afrika. *Non-financial census of municipalities for the year ended 30 June 2019*. 2021
[8] Ferrial Adam. *Government must urgently deal with South Africa's deepening water crisis.* Daily Maverick. 29 April 2021
[9] https://africacheck.org/fact-checks/reports/how-many-sa-municipalities-lose-more-37-their-water-we-dont-know
[10] Statistieke Suid-Afrika. *Community Survey*. 2016
[11] Antwoord op parlementêre (NV) vraag aan die minister van samewerkende regering. Vraag 11. 11 Februarie 2021.

- Van die 257 munisipaliteite het slegs ses voldoende aan herstelwerk en instandhouding as 'n persentasie (8%) van hul vaste bates bestee[12].
- Uit die 10 miljoen arm huishoudings wat uit die nasionale begroting gratis elektrisiteit ontvang, ontvang slegs 2 miljoen dit werklik. Dit beteken dat munisipaliteite die toewysing van R8.992 miljard elders bestee en hierdie huishoudings in die steek laat[13].
- Slegs twee munisipaliteite landswyd het aansoek gedoen ingevolge nasionale wetgewing vir afvalbestuurslisensies[14].
- Die gebrek aan finansiële bestuur van munisipaliteite is kommerwekkend. Volgens die departement van samewerkende regering is 63% van munisipaliteite in erge finansiële nood en 'n kwart van munisipaliteite word as bankrot beskou. In oortreding van die Munisipale Finansiële Bestuurswet het 108 munisipaliteite het onbefondse begrotings goedgekeur[15].
- Onreëlmatige uitgawes beloop meer as R26 miljard en vrugtelose en verkwiste uitgawes, R3.47 miljard. Slegs 27 munisipaliteite het skoon oudits ontvang[16].
- Nagenoeg 74% van plaaslike munisipaliteite het nie genoegsame kontant en beleggings om hul huidige skuld te delg nie. In ses metros en 16 sekondêre stede oorskrei hul skuld hul beskikbare kontant en beleggings[17].
- Munisipaliteite se skuld aan Eskom beloop in totaal meer as R31 miljard (2016: R9.6 miljard) en aan waterrade meer as R13 miljard (2016: R4.3 miljard). Die totale uitstaande krediteure van munisipaliteite is R73.7 miljard (2016: R26.3 miljard). Krediteure wat vir meer as 90 dae uitstaande is, neem jaarliks toe. Dit dui daarop dat munisipaliteite nie likied is nie en 'n totale tekort aan kontantvloei beleef[18].
- Daar is munisipaliteite wat hul eie beurtkrag toepas bykomend tot die van Eskom as gevolg van die oorskreiding van hul aangeduide maksimum vraag (notified maximum demand) en weens hul uitstaande skuld weier Eskom om dit te verhoog.

---

[12] Nasionale Tesourie. *The state of local government finances and financial management as at 30 June 2020*. 2020
[13] Tracy Ledger. *Broken Promises. Electricity access for low-income households*. Public Affairs Research Institute. 2021
[14] Antwoord op parlementêre (NV) vraag aan minister van bosbou, visserye en omgewingsake. Vraag 1964. 27 Augustus 2021
[15] Departement van samewerkende regering. *State of Local Government.* 2021
[16] Ouditeur-Generaal. *Local Government Audit Outcomes.* 2021
[17] Nasionale Tesourie. *The state of local government finances.* 2020
[18] Nasionale Tesourie. *Local Government Revenue and Expenditure: Fourth Quarter Section 71 Report.* 2021

- Daar is munisipaliteite wat gereeld faal om salarisse aan hul amptenare te betaal. Erger is die feit dat derdeparty-aftrekkings ten opsigte van salarisse, soos pensioenfonds, mediese fonds en belasting in baie gevalle nie aan die derdepartye oorbetaal word nie. Hierdie fondse word onwettig vir operasionele aktiwiteite gebruik weens ’n tekort aan kontantvloei. Munisipaliteite skuld SAID meer as R655 miljoen (2016: R305 miljoen) aan LBS-aftrekkings wat nie oorbetaal is nie en aan pensioenfondse R804 miljoen (2016: R343 miljoen)[19].
- Die staat se uitstaande skuld aan munisipaliteite is R16.7 miljard (2016: R6.1 miljard). Dit beteken dat skole, hospitale en ander staatsgeboue se munisipale rekeninge in baie gevalle nie betaal word nie. R14 miljard van die staat se skuld is ouer as 90 dae[20].
- Die totale uitstaande skuld aan munisipaliteite (debiteure) beloop R233 miljard (2016: R108.6 miljard). Van die totale uitstaande debiteure word slegs R36 miljard (15%) as inbaar beskou, aangesien nagenoeg 85% van die debiteure ouer as 90 dae is[21]. Hierdie toestand duur voort ten spyte van die feit dat munisipaliteite jaarliks miljoene rande se debiteure as oninbaar afskryf.
- Uit die bovermelde syfers ten aansien van die finansiële posisie van munisipaliteite, is dit duidelik dat daar sedert die vorige munisipale verkiesings in 2016 drastiese agteruitgang was.
- Konsultante word by meeste munisipaliteite gebruik as ’n gevolg van die tekort aan interne kapasiteite. Miljarde rande word aan konsultante bestee terwyl volgens die ouditeur-generaal (OG) daar ’n ernstige gebrek aan die bestuur en monitering van konsultante bestaan[22]. Konsultante lewer dus substandaard werk, buit munisipaliteite uit en word nie aanspreeklik gehou nie.
- Weens die verval en swak dienslewering onttrek groot sakeondernemings uit landelike dorpe wat tot groot werkverliese en verdere verarming van die plaaslike munisipaliteite lei. ‘n Onlangse voorbeeld is Clover se besluit om sy fabriek in Lichtenburg, Noord-Wes na Durban te verskuif. Dit het 330 werksverliese tot gevolg gehad[23].

---

[19] Nasionale Tesourie. *Revenue and Expenditure.* 2021
[20] Ibid.
[21] Ibid.
[22] Ouditeur-Generaal. *Local Government Audit Outcomes 2019/20*. 2021
[23] Johan Eybers. *Clover sluit fabriek; honderde werkloos.* Rapport. 6 Junie 2021

### *Verandering is nodig*

Of Suid-Afrikaners verandering wil hê is 'n retoriese vraag aangesien 31% van Suid-Afrikaners geen vertroue in hul plaaslike regerings het nie en slegs 12% volkome vertroue het[24].

Daar vind sedert 2013 'n gemiddeld van 2.26 diensleweringsbetogings per dag plaas[25]. Van 1 Augustus 2020 tot 31 Januarie 2021 het daar egter 909 betogings plaasgevind[26]. Dit is 'n gemiddeld van 29 betogings per dag. Alhoewel politieke faksiegevegte ook 'n motivering vir hierdie betogings is, is dit 'n aanduiding van die toename van verval en die algehele tekort aan basiese dienslewerings.

Om egter slegs die regerende party van 'n munisipaliteit te verander, gaan nie die sistematiese probleme oplos nie. Dit is die huidige beleidsrigtings en die model van plaaslike regering wat moet verander.

### *Nie slegs verandering nie, maar verbetering*

Suid-Afrikaners verdien 'n nuwe bedeling tot voordeel van alle gemeenskappe.

Die ANC soek 'n sondebok vir alles wat verkeerd is in Suid-Afrika, vir al sy mislukking en vir die totale verval van dorpe en stede. Hy gebruik wittes as die sondebok en probeer sy kiesers behou deur wittes en apartheid die skuld vir die krisisse te gee. Rassepolarisasie word vir korttermyn politieke gewin gebruik.

Die oorsake van die verval lê by beleid wat 'n gunstige omgewing vir wanbestuur, korrupsie en bedrog geskep het.

### *Daar is hoop – die verval kan gestop word*

Die mense van Suid-Afrika kan verenig rondom 'n nuwe visie vir die toekoms. 'n Visie waar jyself weer beheer neem oor jou en jou nageslag se toekoms gegrond op die waardes van integriteit, eerlikheid, hardwerkendheid, wedersydse respek en naasteliefde. Waardes wat nog altyd in die verlede die vaste fondasie gevorm het vir die skep van 'n toekoms van vrede, veiligheid en voorspoed.

---

[24] Afrobarometer. *South Africa Round 6 Survey Findings*. 2016

[25] https://issafrica.org/crimehub/maps/public-protest-and-violence-stats

[26] Antwoord op parlementêre (NRP) vraag aan die minister van polisie. Vraag 59. 19 Februarie 2021

Die VF Plus se 2021-manifes vervat daadwerlike oplossings wat hoop bied om ‘n beter toekoms te bou en die verval te stop. Dit is gesentreer rondom die aanstelling van munisipale amptenare op meriete, effektiewe finansiële bestuur en volhoubare plaaslike ekonomiese ontwikkeling.

## KERNPROBLEME EN OORSAKE

### *Infrastruktuur verval*

Watertekort, vuil water, slaggate in paaie, straatligte wat buitewerking is of heeldag brand, verkeersligte wat buitewerking is en riool wat in strate loop word die alledaagse tendens in Suid-Afrikaanse munisipaliteite.

Suid-Afrika is ’n waterskaars land wat gebuk gaan onder droogtes. Hierdie natuurlike fenomeen is egter nie alleen verantwoordelik vir die watertekort nie.

Infrastruktuur soos pyplyne, damme, watersuiweringsaanlegte en waterpompe wat nie in stand gehou word nie, dra by tot die kernprobleem in hierdie verband. ’n Enorme hoeveelheid water gaan verlore weens waterlekkasies en gebrekkige infrastruktuur. Kundigheid in verband met waterbestuur is afwesig.

Beskikbare fondse word verkeerd aangewend weens ’n tekort aan kundigheid en infrastruktuurtoekennings wat munisipaliteite van die nasionale fiskus ontvang, word oor die algemeen onderbestee.

Daarom is daar ‘n tekort aan instandhouding en algemene verval van infrastruktuur. Die verpligte besteding van 8% van die boekwaarde van eiendom, toerusting en aanleg aan instandhouding, word nie nagekom nie.

Paaie wat nuut gebou word, verval na ’n paar jaar as gevolg van onbevoegde kontrakteurs of geen roetine instandhouding nie.

Tenders word ten opsigte van infrastruktuurprojekte toegeken aan maatskappye wat in baie gevalle die regering uitbuit en substandaard werk lewer. Hierdie maatskappye se werk word nie gemonitor vir waarde vir geld nie. Van die kontrakteurs word vooruit betaal, maar voltooi nie die werk nie. In ander gevalle word maatskappye nie betaal nie wat lei tot onvoltooide infrastruktuurprojekte.

Hierdie maatskappye word op grond van Swart Ekonomiese Bemagtigingskriteria aangestel en waarde vir geld, vermoë om die projek uit te voer en bewese ervaring word nie in ag geneem nie.

Daar is ’n algehele tekort aan ingenieurs op munisipale vlak wat lei tot swak beplanning, monitering, implementering en uitvoering van infrastruktuurprojekte. Dit is grootliks as gevolg van Regstellende Aksie wat sodanig toegepas word dat poste slegs gevul word indien ’n kandidaat van die voorkeur ras aansoek doen, andersins word die pos vakant gelaat.

Die huidige regering se oplossing vir die tekort aan ingenieurs is om Kubaanse ingenieurs te kontrakteer. Dit kos honderde miljoene rande per jaar om vir hierdie ingenieurs se salarisse, verblyf, gereelde retoervlugte na Kuba en ander byvoordele te betaal. Hierdie ingenieurs mag egter glad nie in Suid-Afrika praktiseer en dus planne of installasies afteken nie, aangesien hul kwalifikasies nie toelaat dat hul by die Ingenieursraad van Suid-Afrika mag registreer nie. Die enigste rede vir die invoer van Kubaanse ingenieurs is die ANC se historiese lojaliteit teenoor Kuba.

### *Swak dienslewering*

Die meeste munisipaliteite kan nie voldoende dienste aan die totale diensgebied van die betrokke munisipaliteit lewer nie. Vullisverwydering, riolering, water- en elektrisiteitsvoorsiening en korrekte munisipale rekeninge is ontoereikend.

Munisipaliteite se diensgebiede is onrealisties groot. In 1994 was daar 1262 plaaslike munisipaliteite[27], teenoor die 213 wat daar tans is.

Die funksie van dienslewering is verkeerdelik gesentraliseer. Dit het tot gevolg dat die regering ver van die gemeenskappe is en dienslewering nie voldoende kan geskied nie.

Daar is ook ’n tekort aan toegewyde en bevoegde munisipale amptenare. Regstellende Aksie-aanstellings het tot lae moraal, swak toewyding en onbevoegdheid gelei. Daar is ‘n groot hoeveelheid poste wat vakant gelaat word omdat die voorgeskrewe Regstellende Asksie-aansoek nie ontvang word nie.

Munisipale vakbonde word te veel mag toegelaat om onbillike eise te stel en gereeld stakings te reël. Die gereelde stakings van munisipale werkers dra by tot die swak dienslewering.

[27] Finansiële en fiskale kommissie. *Impact of municipal amalgamations on service delivery*. 2019

Die vandalisme en diefstal van munisipale eiendom lei ook tot ontoereikende dienslewering en die swak finansiële toestand van munisipaliteite. Dit is grootliks as gevolg van swak sekuriteit en wetstoepassing.

### *Vernietiging van die omgewing*

Suid-Afrika het asemrowende natuurskoon. Ons natuurbronne en omgewing word egter vernietig deur 'n onbevoegde regering met verkeerde prioriteite.

Ons dorpe en stede is vuil, stortingsterreine ontwettig, riool loop in riviere en die see in en munisipale ordinansies wat veronderstel is om besoedeling te voorkom bestaan of nie of word nie geïmplementeer nie.

Riool loop vrylik in waterbronne in, in strate en tussen huise weens vervalle infrastruktuur en ontoereikende rioolsuiweringsaanlegte.

Vullisverwydering vind in baie stede en dorpe vir maande nie plaas nie. Herwinning word nie geprioritiseer nie.

### *Finansiële tekorte*

Suid-Afrika beleef tans ŉ ekonomiese resessie met geweldige hoë werkloosheid en 'n rommelstatus-kredietgradering. Hierdie krisis lei tot krimpende staatsinkomste terwyl die behoeftes en uitgawes styg.

Munisipaliteite se billike aandeel van die nasionale fiskus word dus ook minder in verhouding met die behoeftes aan infrastruktuurontwikkeling en dienslewering.

Aangesien munisipaliteite se eie inkomstebronne (tariewe en belasting) ook verminder weens inwoners wat meer verarm en sake-ondernemings wat hul deure sluit, beleef munisipaliteite ŉ ernstige finansiële krisis.

ŉ Bose kringloop vorm waar munisipaliteite ontoereikende dienste lewer en tariewe verhoog wat tot minder ontwikkeling en groei van die privaatsektor lei. Dit lei tot ŉ verarmde bevolking en werkloosheid wat die inkomstestroom van munisipaliteite verder verminder.

Die blaam vir hierdie finansiële krisis kan nie slegs op die globale ekonomie en die Covid-19-pandemie geplaas word nie. Die oorsaak is baie eerder jarelange finansiële wanbestuur, korrupsie, selfverryking, vermorsing en verkeerde prioriteite.

Daar is 'n algehele tekort aan fiskale dissipline op plaaslike regeringsvlak – buitensporige salarisse word betaal en luukshede vir burgemeesters, munisipale bestuurders en ander is aan die orde van die dag.

Onderbesteding van voorwaardelike toekennings vir infrastruktuurontwikkeling vind steeds plaas. In ander gevalle word voorwaardelike toekennings vir salarisse aangewend en nie vir infrastruktuurinstandhouding of -ontwikkeling nie.

Weens die enorme werkloosheidkrisis en armoede in Suid-Afrika is daar geweldige druk op munisipaliteite as gevolg van inwoners wat nie vir hul water, sanitasie, vullisverwydering en elektrisiteitsvoorsiening kan betaal nie. Munisipaliteite het egter gefaal om armlastigheidsregisters volledig op te dateer. Dit het daartoe gelei dat baie inwoners wat volgens hul inkomstevlak as armlastig beskou moes word, en dus gratis dienste moes ontvang, nie as sodanig op die register aangebring is nie. Hierdie inwoners was verkeerdelik vir dekades as betalende kliënte wat rekeninge ontvang het, beskou. Dit het tot 'n geweldige hoë hoeveelheid uitstaande en oninbare debiteure gelei. Aan die anderkant is sommige inwoners op die armlastigheidsregister toegelaat wat in werklikheid volgens hul inkomstevlak nie daarvoor kwalifiseer nie.

Die gevolg van hierdie finansiële toestand is munisipaliteite wat nie hul krediteure soos Eskom kan betaal nie, nie effektief dienste kan lewer nie en nie infrastruktuur in stand kan hou nie.

Munisipaliteite sien die buitensporige verhoging van eiendomsbelasting en tariewe as die oplossing vir finansiële tekorte. Jaarliks word eiendomsbelasting en tariewe met meer as inflasie verhoog. Dit het die teenoorgestelde gevolg aangesien hierdie verhogings tot 'n groter verarming van inwoners lei en meer nie-betalers skep wat tot nadeel van munisipaliteite is. Klein- tot medium-sakeondernemings se deure sluit weens hierdie onbekostigbare verhogings wat tot werkloosheid en verdere verarming van die munisipaliteit in geheel lei.

Die vergoeding van amptenare het oor die afgelope dekade buitensporig verhoog. Daar was 'n tekort aan oorsig en die politieke wil om salarisse te bekamp. Dit het gelei daartoe dat munisipaliteite nie genoeg fondse beskikbaar het in hul bedryfsbegrotings nie en daarom bestee hulle kapitaalbesgrotings en voorwaardelike toekennings om salarisse te betaal.

Eskom en waterrade se tariefstygings is nie inflasiegekoppel nie. Nersa keur jaarliks buitensporige elektrisiteitstariefverhogings goed.

### *Wanbestuur*

In baie gevalle is die munisipale bestuurders, hoof finansiële beamptes en ander senior amptenare nie op grond van meriete aangestel nie en beskik hulle nie oor die nodige kundigheid, ervaring en vaardighede nie.

Regstellende Aksie-aanstellings het gelei tot die klemverskuiwing vanaf meriete na ander gronde, soos velkleur, politieke affiliasie en politieke party-faksie. Hierdie aanstellings en kaderontplooiing het tot erge wanbestuur gelei.

Die groot hoeveelheid onreëlmatige, vrugtelose en verkwiste en ongemagtigde uitgawes weens wanbestuur dra grootliks tot die finansiële- en diensleweringskrisis by.

Swak leierskap, insluitend wanfunksionele rade en bestuurstrukture dra by tot swak fiskale dissipline en finansiële wanbestuur. Daar is geweldige onstabiliteit in munisipaliteite se leierskap, beide polities en administratief.

Die mislukking van bestuur lei tot die algehele mislukkig van munisipaliteite. Besluite word in baie gevalle geneem op grond van politieke redes en nie in belang van goeie bestuur nie. Daarom is daar min tot geen gevolge vir amptenare wat wetgewing oortree nie. Daar is ook nie gevolge vir raadslede wat onwettige praktyke goedkeur nie.

## BELEIDSTANDPUNTE EN OPLOSSINGS

### *'n Nuwe regverdige bedeling*

Dit is die oogmerk van plaaslike regering om 'n verantwoordingspligtige regering vir plaaslike gemeenskappe te voorsien, om te verseker dat dienste op volhoubare wyse aan gemeenskappe gelewer word, om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder, om 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder, en om die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in plaaslike regeringsaangeleenthede aan te moedig[28].

Die VF Plus is verbind tot 'n regverdige bedeling vir almal. Dit geld nie net die meerderheid nie, maar ook minderheidsgroepe. Daarom veroordeel die party maatreëls wat post apartheid-diskriminasie teen mense op grond van ras instel, soos Regstellende Aksie en Swart Ekonomiese Bemagtiging.

Die VF Plus is daarvan oortuig dat een van die kernoorsake vir swak dienslewering die ongebreidelde toepassing van Regstellende Aksie is waardeur ervare bestuurders en professionele lui uit munisipaliteite verstoot en vervang is deur ANC-kaders. Derhalwe het persone met beperkte of geen vermoëns om die publiek behoorlik te dien, soos vereis deur munisipale wetgewing, beheer geneem van broodnodige en basiese dienste wat nou feitlik inmekaar stort regoor die land.

Die VF Plus se ondersteuning van subsidiariteit (afwenteling van mag) kan moeilik verwesenlik word solank munisipale rade die mees onbekwame vlak van regering is. Die probleem is nie te veel mag op die plaaslike vlak nie, maar te min.

Swak regering en binnegevegte, kenmerkend van ANC-beheerde munisipale regerings, moet uitgeroei word. VF Plus-verteenwoordigers in elke munisipale raad sal hulle beywer om óf in 'n koalisie die ANC tot 'n val te bring, óf 'n effektiewe waghondfunksie te verrig.

[28] Artikel 152 van die Grondwet, 1996 (Wet 108 van 1996)

**Die VF Plus sê:**

- Vestig 'n verantwoordbare munisipale raad wat effektief oorsig oor munisipale finansies en amptenare bied en verantwoordbaarheid teenoor inwoners en hul basiese regte verseker.
- Munisipale raadslede moet in belang van die gemeenskap optree en partypolitieke-faksies moet geen rol in die uitvoer van hul pligte speel nie.
- Regstellende aksie moet tot 'n einde kom. Die VF Plus sal hom derhalwe beywer om bevoegde en gekwalifiseerde amptenare op meriete in diens te neem en in diens te hou. Die chaos by munisipaliteite ten opsigte van dienslewering en bestuur kan slegs opgelos word deur die kundigste persone beskikbaar aan te stel. Nepotisme asook ander vorme van bevoordeling, soos politieke affiliasies moet uitgewis word.
- Die VF Plus eis die afskaffing van regstellende aksie veral vir skaars vaardighede en waar 'n pos vir langer as 90 dae nie gevul word nie.
- Die tenderproses by munisipaliteite moet hersien word om deursigtigheid te bewerkstellig. Alle kontrakte wat die munisipale raad met diensverskaffers sluit, moet beskikbaar wees vir insae deur die publiek.
- Alleenlik kontrakteurs en konsultante wat oor die kundigheid en bewese rekord beskik om die werk te kan doen, moet aangestel word.
- Historiese lojaliteite moet geen rol by aanstellings speel nie.
- Suid-Afrikaanse ingenieurs moet aangestel word ongeag hul velkleur en die invoer van Kubaanse ingenieurs moet onmiddellik gestaak word.
- Die VF Plus staan rassediskriminasie teen en bevorder gelyke geleenthede vir almal.

***Plaaslike regering moet plaaslik wees***

Die VF Plus glo aan die beginsel van subsidiariteit. Dit beteken dat alle gesag op die laagste moontlike vlak uitgeoefen word.

Die sleutelpunt van die VF Plus se beleid is dat gemeenskappe die grondliggende eenheid is. Dit beteken dat die stelsel van plaaslike regering hersien moet word. Die basiese regeringsvlak moet die plaaslike gemeenskap wees.

Die VF Plus sal 'n bedeling wat volhoubare en selfstandige gemeenskappe moontlik maak, bevorder. Sulke plaaslike gemeenskappe moet as boustene van 'n breër samelewing in staat gestel word om na hulle eie welstand om te sien.

Die beginsel van regering so naby as moontlik aan die gemeenskappe self, moet bevorder word. Die wêreldtendens is dat besluite en dienste so na as moontlik aan die gemeenskap wat daardeur geraak word, geneem word. Switserland is 'n goeie voorbeeld van die sukses hiervan. Switserland het sowat 8.5 miljoen inwoners en 'n oppervlakte van 41 285 km$^2$ wat deur 2 212 munisipale rade bedien word. Suid-Afrika met 59 miljoen inwoners en 'n oppervlakte van 1 219 090 km$^2$ het 213 munisipaliteite.

Munisipale gebiede is so groot, dat dit nie meer regering op voetsoolvlak is nie. Boonop gebruik die ANC munisipaliteite as 'n kanaal vir die ontplooiing van kaders.

Plaaslike munisipaliteite moet slegs een dorp omvat. Daar is geen getuienis dat die stelsel van kant-tot-wal munisipaliteite sedert 2000 voordelig is nie, behalwe vir die klein elite van raadslede en amptenare.

Daarom behoort die bestaande stelsel van megastede en plaaslike munisipaliteite wat uit verskeie dorpe bestaan, verander te word om plaaslike regering terug te bring na plaaslike gemeenskappe. Gevolglik moet belasting wat uit hierdie gemeenskappe betaal word ook teruggeploeg word in die betrokke gemeenskap.

Openbare deelname moet aangemoedig word en moet daadwerklik in ag geneem word met die wysigings van die geïntegreerde ontwikkelingsplan, ruimtelike ontwikkelingsplan en die begroting.

Dit moet verwelkom en ondersteun word as gemeenskappe self stappe neem om byvoorbeeld hul eie veiligheid te bevorder.

Die VF Plus beywer hom vir die afwenteling en desentralisering van mag en ondersteun daarom ook die strewe na onafhanklikheid in die Kaap (CapeXit).

**Die VF Plus sê:**

- Wentel mag af na die gemeenskap.
- Bevorder 'n ryk gemeenskapslewe waar burgerlike deelname veel dieper as periodieke verkiesings strek en waar gemeenskapslede direk aan regeringsaktiwiteite en -besluitneming deelneem.
- Belasting en tariewe wat deur 'n betrokke gemeenskap betaal word, moet teruggeploeg word in die betrokke area.
- Neem die insette en voorstelle verkry vanuit die openbare deelname prosesse werklik in ag by die oorweging van begrotings, geïntegreerde ontwikkelingsplanne, ens.
- Bevorder subsidariteit, onafhanklikheid en selfstandigheid.

***Misdaadbekamping***

Die enigste manier om misdaad effektief hok te slaan is om te verseker dat die verskillende rolspelers, soos die polisie, gemeenskapspolisiëringsforums, buurtwagte, landelike beveiliging, metropolisie/munisipale polisie en private sekuriteitfirmas saamwerk en nie in isolasie nie.

Die VF Plus sal die rol speel om samewerking te fasiliteer en te verseker. Dit is ook belangrik dat die gemeenskap betrek word by misdaadvoorkoming. Die gemeenskap moet aangemoedig word om misdaad te rapporteer.

Munisipale wetstoepassing skiet tans ver tekort. Dit dra by tot 'n wettelose samelewing. Dit is belangrik dat munisipale ordinansies (bywette) konsekwent geïmplementeer en gepolisieër word. Daar moet egter eerstens 'n proses onderneem word om ordinansies te hersien en te verseker dat dit in lyn is met die huidige realiteite en die moderne samelewing.

'n Veilige omgewing moet geskep word waar die omstandighede wat gunstig vir misdadigers is voorkom word. Dit sluit in werkende straatligte, sekuriteitskameras en die voorkoming van verlate munisipale eiendom.

Munisipale eiendom moet teen vandalisme beskerm word. Tans word daar miljoene rande bestee aan sekuriteitskontrakteurs om munisipale geboue en ander eiendom te beskerm. Hierdie kontrakte moet vir effektiwiteit en waarde vir geld hersien word. Sekuriteitskameras moet ook eerder aangewend word om munisipale bates te bewaak.

**Die VF Plus sê:**

- Verseker samewerking tussen verskillende rolspelers om misdaad te voorkom en misdadigers aan te keer.
- Bevorder 'n veilige omgewing met kring-televisiekameras en straatligte wat werk.
- Bekamp verlate en leë munisipale geboue.
- Bevorder effektiewe wetstoepassing en hersien verouderde munisipale ordinansies.

### *'n Gesonde omgewing met rampbestuur*

Die omgewing moet beskerm word deur effektiewe polisiëring met betrekking tot besoedeling en die oortreding van toepaslike wetgewing.

Tans is munisipaliteite egter self verantwoordelik vir die mees drastiese besoedeling van ondermeer waterbronne.

Waar 'n munisipaliteit verantwoordelik is vir besoedeling en die oortreding van omgewingswetgewing moet die rekenpligtige amptenaar strafregtelik vervolg word.

Die opgradering en instandhouding van rioolaanlegte moet prioriteit geniet. Infrastruktuurtoekennings moet aangewend word om bestaande rioolinfrastruktuur op te gradeer.

Praktiese oplossings moet ondersoek word om rommelbesoedeling van riviere, damme en die see te voorkom. Dreineringsnette is een voorbeeld. Munisipaliteite moet nette by stormwaterdreineringspype aanbring om so veral te voorkom dat plastiekrommel in waterbronne opeindig.

Die verlies aan water moet beperk word deur die modernisering van waterbestuur, investering in bestaande infrastruktuur en die identifisering van waterlekkasies. Dit beteken om eerstens goeie rekord te hou van wateraankope, -verspreiding en -verkope. Sodoende kan die hoeveelheid nie-inkomstegenererende water akkuraat gerapporteer word en waterverlies bepaal word. Dit is belangrik om eers bestaande waterinfrastruktuur op te gradeer alvorens daar in nuwe infrastruktuur belê word.

Die opgradering van stortingsterreine moet geprioritiseer word. Daar moet aandag gegee word aan die beveiliging van hierdie terreine en die nakoming van die toepaslike wetgewing. Elke munisipaliteit moet 'n kultuur van herwinning skep en projekte van stapel stuur wat werkloses betrek by geordende herwinning van rommel tot voordeel van die gemeenskap en omgewing.

Munisipaliteite moet 'n gunstige omgewing skep vir inwoners om na hernubare energiebronne om te skakel. Dit moet ondermeer kortings op belasting vir inwoners wat na hernubare elektrisiteitvoorsiening oorskakel, behels.

Munisipaliteite moet die privaat opwekking van elektrisiteit aanmoedig en self bekostigbare en volhoubare alternatiewe elektrisiteitsopwekkingsprojekte loods.

Alhoewel ontwikkeling en stads- en dorpsuitbreiding belangrik vir vooruitgang is, moet parke en "groen areas" soveel as moontlik behoue bly, ontwikkel word en deel van ruimtelike ontwikkelingsplanne vorm. Die plant van bome en ander plante op sypaadjies en verkeerseilande is belangrik om 'n volhoubare omgewing vir die toekoms te skep en die effek van lugbesoedeling teen te werk.

Distriksmunisipaliteite moet rampbestuur prioritiseer en toepaslike toelae bestee om funksionerende brandbestryding in plaaslike munisipaliteite te verseker. Brandbestrydingstoerusting en -voertuie moet in alle dorpe van 'n munisipaliteit beskikbaar wees. Brandbestrydingstoerusting spesifiek aangepas om veldbrande in landelike gebiede te bestry moet beskikbaar wees.

**Die VF Plus sê:**

- Verseker die nakoming van munisipaliteite aan toepaslike omgewingswetgewing.
- Bestee infrastruktuurtoekennings om rioolaanlegte en -infrastruktuur op te gradeer en instand te hou.
- Implementeer gemoderniseerde waterbestuur waar rekordhouding akkuraat is en waterlekkasies opgespoor en herstel word.
- Belê in bestaande waterinfrastruktuur alvorens nuwe infrastruktuur ontwikkel word.
- Benader die nasporing van waterverliese sistematies.
- Voorkom rommelbesoedeling van waterbronne met dreineringsnette.
- Bevorder 'n skoon omgewing deur skoonmaakprojekte en gemeenskapsbetrokkenheid.

- Bewerkstellig funksionerende vullisverwydering en wettige stortingstereine met herwinningsprojekte.
- Implementeer aansporingskortings vir die gebruik van alternatiewe energiebronne.
- Tree strafregtelik op teen rekenpligtige amptenare wat omgewingswetgewing oortree.
- Effektiewe polisiëring van besoedeling en die oortreding van toepaslike wetgewing.
- Effektiewe rampbestuur waar brandbestryding en -voorkoming geprioritiseer word.
- Behoud en ontwikkeling van parke en groen areas.

***Finansiële bestuur***

Munisipaliteite moet belê in voorkomende kontrolemeganismes om aanspreeklikheid te verseker en finansiële verliese, bedrog en korrupsie, wanbestuur van openbare hulpbronne en dienslewerings-tekortkominge te verhoed.

Om finansiële bestuur te verbeter moet die monitering, hersiening en oorsig van finansiële transaksies aansienlik verbeter. Daar is 'n tekort aan voldoende rekordhouding van transaksies wat lei tot 'n tekort aan deursigtigheid.

Daar is 'n arsenaal van plaaslike regeringswetgewing, regulasies en gedragskodes wat die optrede van munisipale administrateurs en raadslede bestuur. Raadslede en amptenare oortree egter hierdie bepalings en word nie verantwoordbaar gehou nie. Dit moet verander. Daar moet voldoening aan wetgewing en regulasies wees.

Dit is belangrik dat munisipaliteite realisties begroot en beplan. Hieraan moet indringend aandag gegee word aangesien die meeste munisipaliteite se begrotings of onbefonds of onrealisties is. Die tekort aan goeie beplanning skep die tendens waar daar slegs krisisbestuur is.

Die invordering van debiteure moet geprioritiseer word. Daar is egter 'n noodsaak vir meganismes om akkurate diensterekeninge te verseker.

Die professionalisering van die bestuur van munisipaliteite is 'n noodsaak en daarom moet kundige amptenare met die nodige bevoegdhede en kwalifikasies aangestel word. Terwyl munisipale bestuurders, hoof finansiële beamptes en senior bestuur nie bekwaam is om die werk waarvoor hul aangestel is te doen nie, sal finansiële wanbestuur hoogty vier.

Dit is belangrik dat munisipale openbare rekeningekomitees funksioneer en die nodige oorsig en ondersoeke doen. Dit help egter nie dat alle onreëlmatige en vrugtelose uitgawes doodeenvoudig jaarliks gekondoneer word en straffeloos verbygaan nie. Daar moet gevolge wees vir amptenare wat verantwoordelik is vir verkwisting van openbare fondse.

Daar moet stabiliteit in politieke en administratiewe leierskap wees. Munisipale rade moet funksioneel wees en effektief oorsig bied.

Uitstaande skuld van staatsdepartemente aan munisipaliteite moet daadwerklik ingevorder word.

**Die VF Plus sê:**

- Kontrolemeganismes moet in plek gestel word om aanspreeklikheid te verseker en finansiële wanbestuur te voorkom.
- Die monitering, hersiening en oorsig van finansiële transaksies en besluite moet verbeter.
- Munisipale bestuur moet geprofessionaliseer word en kundige amptenare moet op grond van verdienste aangestel word.
- Munisipale rade en komitees moet effektiewe oorsig uitoefen, ondersoeke doen en gevolge vir oortredings implementeer.
- Munisipale openbare rekeninge komitees moet funksioneer en deeglike ondersoek na onreëlmatige, vrugtelose en verkwiste uitgawes moet gedoen word.
- Onreëlmatighede, verkwisting en wanbestuur mag nie straffeloos gelaat word nie.
- Daar moet stabiele politieke en administratiewe leierskap wees.
- Onwettige kontrakte met diensverskaffers moet beëindig word.
- Verhaal fondse wat weens korrupsie, bedrog en onreëlmatige kontrakte verlore is.
- Vorder uitstaande skuld van staatsdepartemente in en tree daadwerklik op.
- Raadslede moet verantwoordelik gehou word indien hul onwettige praktyke, soos onbefondse begrotings goedkeur.

### *Billike belasting en tariewe en akkurate diensterekeninge*

Die betaling van belasting en diensgelde is noodsaaklik vir die instandhouding van munisipaliteite en dienslewering.

Die beginsel van basiese dienste vir almal, om armes ook toegang tot dienste te gee, is belangrik en word erken.

Dit is egter nie regverdig om betalers van diensgelde, wat 'n gereelde en pligsgetroue belasting- en dienstebetalingskultuur ontwikkel het, oor te belas om nie-betalers te subsidieer nie. Die kultuur van nie-betaling moet aangespreek word, aangesien daar baie nie-betalers is wat betaling kan bekostig.

Dit is ook nie regverdig dat inwoners getrou betaal vir dienste wat nie gelewer word nie. Munisipaliteite moet belasting en tariewe verdien en nie opeis nie. Daar moet waarde vir belastings en dienstegelde wees.

Munisipaliteite moet alles in hul vermoë doen om die verhoging van belasting en tariewe te voorkom deur onnodige besteding te besnoei. Weglaatbare inkomste, soos handelspermitfooie moet afstand van gedoen word om nodige verligting aan sake-ondernemings tydens die swak ekonomiese omstandighede te bied.

Aangesien belastingbetalers al hoe minder in staat is om onproduktiewe munisipale uitgawes te befonds, moet elke sent oordeelkundig bestee word en moet daar totale deursigtigheid ten opsigte van besteding wees. Munisipaliteite moet sensitief wees vir die haglike ekonomiese omstandighede van inwoners en moet verstandig en spaarsamig optree.

Akkurate en gereelde diensterekeninge is van belang. Munisipaliteite moet hul rekeningstelsels opgradeer en belê in moderne tegnologie om stelsels effektief te integreer. Selfoontoepassings moet oorweeg word om inwoners in staat te stel om hul rekeninge spoedig te kan nagaan en te kan betaal.

Die lesing van meters moet gemoderniseer word en geskatte lesings moet voorkom word. Dit het praktyk geword dat lesings meer geskat, oftewel beraam word as wat daar werklike meterlesings geld.

**Die VF Plus sê:**

- 'n Minimum hoeveelheid belasting moet teruggeploeg word in die gebiede waar die belasting geïn is. Tans word belasting nie op 'n sistematiese en geoormerkte wyse hanteer nie.
- ‘n Eenvormige belastingstelsel en eenvormige dienstariewe vir dieselfde kategorie

verbruikers moet geïmplementeer word. Dit behels gelyke betaling vir gelyke dienste en die daadwerklike aanspreek van die kultuur van nie-betaling. Dit sal die beginsel van gratis basiese dienste vir almal, om armes ook toegang tot dienste te gee, makliker implementeerbaar maak.

- Gehalte dienslewering en effektiewe regering moet bevorder word deur doeltreffende oorsig om deursigtigheid ten opsigte van besteding te verseker. Dit beteken, onder meer, dat groot salarisse wat aan amptenare betaal word wat nie in staat is om diens te lewer nie, gestaak moet word.
- Die onbillike belasting wat op landbougrond gehef word, waar boere minimaal dienste van die munisipaliteit ontvang, moet aangespreek word.
- Ordelike verstedeliking met inagneming van eiendomswaardes van bestaande woonbuurtes.
- Geen onbillike jaarlikse tarief- en belastingverhogings wat bo inflasie is nie. Hierdeur word meer nie-betalers geskep en word munisipaliteite se ekonomiese groei belemmer.

### *Werkskepping, ekonomiese ontwikkeling en bemagtiging*

Werkloosheid is ’n geweldige krisis in Suid-Afrika. Die groot hoeveelheid werkloosheid lei tot ’n toename in verstedeliking, meer afhanklikheid van gratis dienste en ’n totale verarming van munisipaliteite.

Werkloosheid moet daadwerklik aangespreek word. Geen regering kan werk volhoubaar skep nie. Daarom is die VF Plus oortuig dat werkloosheid slegs oorkom kan word as ‘n gunstige omgewing vir werkskepping en beleggings bewerkstellig word.

Ekonomiese bemagtiging in Suid-Afrika behoort nie te fokus op die verryking van enkele individue nie, maar eerder op die werklike bemagtiging van hele gemeenskappe. Aangesien die VF Plus glo dat velkleur nie gebruik kan word as ‘n veralgemeende aanduiding van minderbevoorregting nie moet dit nie as ‘n voorwaarde vir bemagtiging geld nie. Sosio-ekonomiese omstandighede, soos armoede, werkloosheid en ‘n gebrek aan toegang tot gehalte onderwys moet eerder as die grondslag vir bemagtiging gebruik word.

Armoede is ‘n nasionale probleem wat ‘n baie groot gedeelte van die samelewing vanuit alle gemeenskappe raak. Armoede-bekamping in gemeenskapsverband waar die gemeenskap self

inisiatief neem is deur die jare beproef as die mees effektiewe vorm van armoedeverligting. Daarom sal die VF Plus hom daarvoor beywer om gemeenskapsgegronde, maatskaplike diens te bevorder.

Groei en ontwikkeling is die enigste volhoubare bemagtigingsmetode. Om ekonomiese groei te bewerkstellig moet munisipaliteite ‘n gunstige omgewing skep deur betroubare dienslewering, infrastruktuurontwikkeling en -instandhouding en billike belastings en tariewe.

Om ‘n plaaslike ekonomie te ontwikkel, moet daar vertroue in die munisipale bestuur en raad wees. Vertroue skep beleggingsekerheid by die privaat sektor om te belê en uit te brei. Vertroue word ingeboesem deur deursigtige en verantwoordelike bestuur waar openbare fondse oordeelkundig bestee word, ‘n veilige omgewing geskep word en daar in belang van die gemeenskap opgetree word.

Die administratiewe rompslomp wat gepaard gaan met hersoneringsaansoeke, handelspermitte, ens. moet aangespreek word. Dit moet maklik wees om sake te bedryf en ‘n sake-onderneming te begin.

**Die VF Plus sê:**

- Funksionerende munisipaliteite sal die ekonomiese welstand van gemeenskappe stimuleer, werksgeleenthede deur die privaatsektor skep en armoede verminder.
- Regeringsprojekte wat poog om werk te skep, skep slegs tydelike werke. Munisipaliteite se fokus moet nie wees om self direk werk te skep nie, maar eerder om ŉ gunstige omgewing vir die privaat sektor te bewerkstellig om uit te brei en werksgeleenthede te skep.
- Munisipaliteite moet ŉ gunstige omgewing vir ekonomiese groei skep deur goeie dienslewering, infrastruktuurontwikkeling en -instandhouding en billike belastings en tariewe.
- Administratiewe rompslomp in verband met die aansoek vir handelspermitte, hersonering, ens. moet uitgewis word.

### *Samewerking met ander partye en veelpartyregerings*

Die VF Plus sal na die verkiesing, sonder prysgawe van sy selfstandige identiteit of beginsels, saamwerk met ander partye en organisasies indien die party oortuig is dat so 'n samewerking die doelwitte van die gemeenskap en hierdie manifes sal bevorder, veral om die ANC se beheer van munisipale regerings weg te neem.

Navorsing en opnames toon dat daar in die komende verkiesing by verskeie munisipaliteite geen party sal wees wat ʼn 51%-meerderheid steun op hom sal verenig nie.

Veelparty- oftewel koalisieregerings maak dit moontlik dat opposisiepartye wat saamstaan na die verkiesing ʼn belangrike rol in sekere metro- en plaaslike munisipaliteite gaan speel. Partye soos die DA en die VF Plus gaan mekaar nodig hê om na hierdie verkiesing in al hierdie koalisies saam met ander opposisiepartye te regeer en die ANC so te wen en die EFF uit bewind te hou.

Die voordeel van veelpartyregerings is dat dit magsmisbruik minimaliseer en die waardes en denkrigtings van die groter gemeenskap, insluitend minderheidsgroepe verteenwoordig.

**Die VF Plus sê:**

- Die VF Plus sal aan ʼn koalisieregering deelneem om die huidige regeringsbeleid teen te staan wat tot die verval van munisipaliteite lei.
- Die VF Plus sal binne ʼn koalisieregering veg vir die regte van sy kiesers en opstaan teen rassediskriminasie, Swart Ekonomiese Bemagtiging en onbillike Regstellende Aksie-aanstellings.
- Die VF Plus sal toesien dat sy beleidsrigtings en oplossings ingebou word in koalisieooreenkomste vir nuwe regerings wat totstand gaan kom.

### *Effektiewe oorsig,ʻn waghondfunksie en kollektiewe magsdeling*

Die tekort aan oorsig van munisipale amptenare en bestuur as gevolg van die ontbrekende politieke wil, lei tot onreëlmatighede en die afwesigheid van verantwoordbaarheid.

Dit is van belang dat munisipale rade hul oorsigrol oor die munsipale bestuur en uitvoerende gesag uitoefen. Dit behels die funksionering van oorsigkomitees, deeglike ondersoek van alle ongemagtigde, onreëlmatige, vrugtelose en verkwiste uitgawes en om amptenare aanspreeklik te hou vir oortredings.

‘n Munisipale raad moet die belange van die gemeenskap dien en verantwoordelik die munisipaliteit regeer. Dit is belangrik dat raadslede hul oorsigrol speel om te verseker dat munisipaliteite aan wetgewing voldoen en effektief funksioneer.

Die meerderheid plaaslike munisipaliteite en al die metrorade wat mag kies tussen ‘n kollektiewe uitvoerende sisteem en ‘n uitvoerende burgemeestersisteem, kies die laasgenoemde. Die kollektiewe uitvoerendesisteem is waar die uitvoerende komitee proporsioneel ten aansien van die verteenwoordiging van partye in die raad saamgestel word. Die uitvoerende gesag is dus in die kollektief gesetel. ‘n Uitvoerende burgemeestersisteem is waar die uitvoerende burgemeester deur die raad verkies word en die uitvoerende gesag in die burgemeester gevestig is.

In ‘n uitvoerende burgemeestersisteem is daar ‘n burgemeesterskomitee wat die burgemeester bystaan, maar hierdie lede word deur die burgemeester self aangewys en rapporteer aan die burgemeester. In ‘n kollektiewe sisteem bestaan die uitvoerende komitee uit lede van politieke partye verteenwoordig in die raad en word hulle proporsioneel aangewys. Die burgemeester word vanuit dié komitee verkies. Lede van die uitvoerende komitee rapporteer aan die raad en nie aan die burgemeester nie.

Die VF Plus is van mening dat die kollektiewe uitvoerendesisteem beter magsdeling, deursigtigheid en verantwoordbaarheid tot gevolg het as ‘n sisteem waar die mag in een politieke ampsbekleër gesetel is.

Daar waar die VF Plus in ’n munisipale raad opposisieverteenwoordiging verkry, sal die party sorgvuldig ’n opposisie- en waghondrol te vervul.

**Die VF Plus sê:**

- Uitvoerende burgemeesters moet meer effektief verantwoordbaar gehou word en die munisipale rade moet ‘n meer daadwerklike rol in die bestuur van munisipaliteite speel.
- Indien van toepassing op die betrokke kategorie van die munisipaliteit, sal die VF Plus hom beywer vir ‘n uitvoerende komiteesisteem wat die belange van alle inwoners sal bevorder en verantwoordbaarheid sal verseker.
- VF Plus-kandidate beskik oor die nodige vaardighede om waar hulle as raadslede verkies word as deel van die groter VF Plus-span kundigheid en ervaring aan te wend tot voordeel van die munisipaliteit en die gemeenskap.

- VF Plus-raadslede sal ’n belangrike rol speel in oorsigkomitees van munisipale rade en wend gesamentlike kundigheid op ’n dinamiese wyse aan om effektiewe oorsig te verseker en daardeur beter verantwoordbare bestuur van munisipaliteite te bewerkstellig.
- VF Plus-raadslede sal effektiewe opposisie teen onreëlmatighede, korrupsie, wanbestuur en verkeerde prioriteite bied.
- Korrupsie, swak dienslewering, nepotisme, onbevoegdheid, wanbestuur en die oortreding van wetgewing sal deur die VF Plus ontbloot word en klagtes by toesighoudende instellings soos die Openbare Beskermer, die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Valke sal ingedien word om plaaslike regerings tot verantwoording te dwing. Rekenpligtige amptenare (munisipale en stadsbestuurders) moet strafregtelik aangekla word vir die oortreding van wetgewing.
- VF Plus-raadslede sal as fasiliteerders dien om kiesers se munisipale probleme op te los.
- VF Plus-raadslede sal nou saam met burgerregte-organisasies, buurtwagte, sakekamers en ander werk om die gemeenskap effektief te dien.

***Diversiteit***

Die VF Plus sien diversiteit as 'n bate vir Suid-Afrika. Diversiteit moet daarom op alle vlakke van regering erken en gekoester word. Dit sluit in respek vir alle gemeenskappe se simbole, historiese name en erfenis.

Die VF Plus se deurlopende politieke gevegte oor die onnodige verandering van plek- en straatname, bewys dit.

**Die VF Plus sê:**

- Bevorder die reg van gemeenskappe om seggenskap oor hul erfenis te hê.
- Bevorder gelyke regte vir alle groepe en gemeenskappe.
- Die VF Plus is verbind tot die beginsel van veeltaligheid, soos verskans in die Grondwet.
- Die VF Plus sal hom in die besonder beywer vir die instandhouding van tehuise vir bejaardes en die uitbouing van die Afrikaner en ander minderheidsgemeenskappe se kultuurskatte soos museums, en monumente.

- Dit is belangrik dat gemeenskapsbiblioteke gemeenskappe se waardes verteenwoordig.

### *Goeie waardes*

Die VF Plus streef na 'n politieke bestel waar Christelike waardes geld en gekenmerk word deur die beginsels van geregtigheid, waarheid, naasteliefde, respek vir lewe, lojaliteit en 'n vreedsame naasbestaan. Die VF Plus sal morele waardes bevorder in ooreenstemming met dié beginsels.

## OPSOMMING VAN OPLOSSINGS

### Wanbestuur

- Stel kundige en gekwalifiseerde amptenare aan.
- Professionaliseer die bestuur van munisipaliteite.
- Effektiewe oorsig en stabiele leierskap.
- Effektiewe en funksionerende munisipale rade.
- Kollektiewe uitvoerende-komiteesisteem eerder as uitvoerende burgemeesters.

### Vervalle infrastruktuur

- Bestee infrastruktuurtoekennings (voorwaardelike toekennings) ten volle.
- Beplan infrastruktuurprojekte en instandhouding deeglik.
- Prioritiseer die instandhouding van bestaande infrastruktuur bo nuwe infrastruktuurprojekte.
- Fondse en voorwaardelike toekennings moet op kritieke infrastruktuur – riolering, water, elektrisiteit en paaie – bestee word, alvorens dit op die bou van byvoorbeeld sportstadions bestee word.
- Daar moet effektiewe oorsig van infrastruktuurprojekte geskied en kontrakteurs moet oordeelkundig aangestel word volgens kundigheid en die beste waarde vir geld. Kontrakteurs se vordering met projekte moet deurgangs gemonitor word.
- Suid-Afrikaanse ingenieurs moet aangestel word ongeag hul velkleur en die invoer van Kubaanse ingenieurs moet onmiddellik gestaak word.
- Implementeer gemoderniseerde waterbestuur waar rekordhouding akkuraat is en waterlekkasies opgespoor en herstel word.

**Finansies**

- Kontrolemeganismes om onreëlmatighede, wanbesteding, bedrog en korrupsie te voorkom.
- Die tenderproses by munisipaliteite moet hersien word om deursigtigheid te bewerkstellig.
- Beplan en begroot realisties.
- Zero-gegronde begrotingsbeplanning.
- Billike belastings en tariewe.
- Effektiewe invordering van diensgelde en akkurate munisipale rekeninge.
- ‘n Eenvormige belastingstelsel en eenvormige dienstariewe vir dieselfde kategorie verbruikers moet geïmplementeer word.
- Munisipale rade en komitees moet effektiewe oorsig uitoefen, ondersoeke doen en gevolge vir oortredings implementeer.
- Besnoei onnodige uitgawes.
- Stel kundige en gekwalifiseerde personeel in finansiesafdelings aan.
- Gehalte dienslewering en effektiewe regering moet bevorder word deur doeltreffende oorsig om deursigtigheid ten opsigte van besteding te verseker.
- Groot salarisse wat aan amptenare betaal word wat nie in staat is om diens te lewer nie, moet gestaak word.

## SAMEVATTING VAN TIENPUNT-PLAN

Die VF Plus se konkrete tienpunt-plan vir die verbetering van munisipale bestuur en dienslewering kan soos volg saamgevat word:

1. Stop die aanstellings van amptenare wat nie op meriete is nie en stel die beste persoon vir die werk aan – ongeag velkleur, stop rassediskriminasie en fokus so op 'n beter toekoms vir almal.
2. Desentraliseer plaaslike regerings en wentel mag af na so na as moontlik aan die gemeenskap deur sub-rade en kleiner munisipaliteite.
3. Hef billike belastings en tariewe en stop onbillike verhogings.
4. Skep 'n gunstige omgewing vir die privaatsektor om ekonomiese groei te stimuleer en volhoubare werksgeleenthede te skep – veral deur die skep van vryhandel-sones.
5. Tree as die magsbalans binne veelpartyregerings op en veg vir die regte van VF Plus-kiesers binne sodanige regerings.
6. Tree as effektiewe waghonde ten opsigte van wanbestuur, korrupsie en onbevoegdheid op en vervul 'n dinamiese gestruktureerde opposisierol. Verseker deursigtigheid en verantwoordbaarheid deur genoegsame oorsig.
7. Stop die besoedeling van die omgewing. Prioritiseer infrastruktuurinstandhouding, voldoening aan toepaslike wetgewing en effektiewe polisiëring en bevorder 'n kultuur van herwinning.
8. Stop die verlies aan water weens gebarste pype en lekkasies.
9. Beskerm erfenis en respekteer diversiteit. Stop die onnodige verandering van plek- en straatname en bevorder veeltaligheid.
10. Skep 'n gesonde en veilige omgewing en bevorder goeie waardes.

**Stop die verval – stem VF Plus!**